

WETENSAPSTEORIE EN INLEIDINGS- WETENSAP¹⁾

H L BOSMAN

ABSTRACT

Philosophy of science and Introduction to the Old Testament

The study of the Old Testament has always taken place in a context of theological and philosophical presuppositions about knowledge, truth, history, religion, etc. This article investigates the relationship between the Introduction to the Old Testament's theoretical base and modern trends in the philosophy of science. In the end the conclusion is reached that the Introduction to the Old Testament has not kept track of current questions in the philosophy of science and this emphasises the need to bring the study of the Old Testament up to date with the modern view of science as a socially and historically determined human activity.

1. Probleemstelling

Die studie van die Ou Testament het nog nooit in 'n lugleegte plaasgevind nie, want die Ou-Testamentikus kan nie sy studeerkamer dig sluit vir die konteks waarbinne hy as wetenskaplike besig is nie. In die lig hiervan word aanvaar dat ook die Inleiding tot die studie van die Ou Testament (Inleidingswetenskap) 'n wetenskapsteoretiese onderbou het wat met sy filosofiese tydsges verband hou.

Die vraag ontstaan of die moderne Inleidingswetenskap se wetenskapsteoretiese onderbou tred gehou het met die ontwikkelings in die hedendaagse wetenskapsteorie?²⁾ Daarom is daar ondersoek ingestel na hoe die histories-kritiese metodes, wat deur die meeste Inleidings tot die Ou Testament veronderstel word, ag geslaan het op die onlangse klemverskuiwings in wetenskapsteoretiese vrae en probleme.³⁾

Ten slotte moet die vraag beantwoord word of die huidige aanpak van die Inleidingswetenskap nie uitgebou moet word ten einde moderne wetenskapsteoretiese vrae en probleme te reflekteer nie?⁴⁾

2. Moderne tendense in die wetenskapsteorie

Volgens die klassieke wetenskapsteorie, wat na Aristoteles teruggevoer kan word, het wetenskap met behulp van logiese sillogismes vanaf die sogenaamde "eerste beginsels" na gevolgtrekkings beweeg. So word

daar byvoorbeeld in die meetkunde van 'n aksioma uitgegaan en deur middel van logiese afleidings 'n gevolgtrekking gemaak wat net so "waar" en "geldig" as die aanvanklike aksioma is.⁵⁾ Volgens Alwin Diemer was die vier bepalende postulate vir die klassieke wetenskap: "der Absolutheitsglaube, die Wahrheitsvoraussetzung, das Allgemeinheitspostulat und den logischen Ableitungs-Evidenz-Charackter".⁶⁾ Absolute, algemeen geldende waarheid was dus volgens die klassieke wetenskapsteorie deur middel van logiese afleiding haalbaar.

Die snelle ontwikkeling van die natuurwetenskappe sedert die Renaissance het die aansien en invloed van die natuurwetenskappe geweldig laat toeneem. Sodoende het 'n "standaardbeeld" van wetenskap ontwikkel waarin die beskrywing van die natuurwetenskaplike kenproses as model vir wetenskaplike kennisverwerwing oor die algemeen voorgehou is. Hierdie "standaardbeeld" van wetenskap veronderstel dat wetenskaplike kennis objektief is omdat dit deur 'n rasonale metode verwerf is. Objektiviteit dui hier op die aanname dat "wetenskaplike kennisuitsprake 'n getroue weergawe bied van die werklikheid soos dit op sigself gegee is" en op "die onpersoonlike en algemeen geldige gehalte van die waarheid wat in wetenskaplike kennisuitsprake vervat is".⁷⁾ Die rasonale metode, wat as waarborg vir wetenskaplike objektiviteit voorgehou word, begin by enkelvoudige ervaringsoordele en behels verder die formulering van algemene hipoteses en teorieë deur 'n logiese proses van induktiewe veralgemening. Hierdie "standaardbeeld" gee daarom aanleiding tot 'n akkumulatiewe siening van wetenskap waarvolgens die voortdurende formulering en verifikasie van teorieë tot 'n geleidelike groei van wetenskaplike kennis lei.

Gedurende die afgelope paar dekades het daar belangrike klemverskuiwings in die wetenskapsteorie ontstaan wat die objektiviteit en rasionaliteit van die wetenskap in gedrang gebring het. Karl Popper het die onontsnappbare subjektiviteit van die wetenskaplike uitgewys deur aan te toon hoe teorie aan ervaring in die proses van kennisverwerwing voorafgaan. In teenstelling met die "standaardbeeld" se siening dat teorie gebore word uit die sistematiesing van en logiese refleksie oor ervaringsgegewens, toon Popper hoe alle sintuiglike waarneming van die wetenskaplike bepaal word deur 'n reeds aanvaarde teorie. Die wetenskaplike verwerwing van kennis begin by 'n teorie as die kreatiewe antwoord of oplossing vir 'n probleem en nie as die gevolgtrekking van logiese afleiding nie. Vervolgens word die teorie aan kritiese toetsing onderwerp (falsifikasie), wat gewoonlik op deduktief-empiriese toetsing neerkom, ten einde die teorie voorlopig te bekragtig.⁸⁾ Norwood Hanson gaan nog 'n stap verder deur aan te voer dat die teoretiese verwysingsraamwerk van 'n wetenskaplike nie net die waarneming van die werklikheid

voorafgaan en beïnvloed nie, maar dat dit ook bepaal wát waargeneem word. Sodoende word wetenskaplike waarneming relatief tot die wetenskaplike se teoretiese verwysingsraamwerk.⁹⁾ Paul Feyerabend val vas in 'n algehele relativisme deur wetenskap te tipeer as 'n versameling onvergelykbare alternatiewe waarnemings van die werklikheid. Volgens sy proliferasiebeginsel is 'n veelvoud van menings die naaste wat wetenskap aan objektiwiteit kan kom.¹⁰⁾

Thomas Kuhn aksentueer die historiese perspektief op wetenskap deur op die sosiologies-kulturele bepaaldheid van denkparadigmas te wys. Die beoefening van wetenskap word nie deur onveranderlike tydlose metodes bepaal nie, maar deur wisselende navorsingsafsprake (paradigmas) ten opsigte van ontologiese, metodologiese en konseptuele aannames. Kuhn onderskei tussen "normal science", as die wetenskaplike ondersoek binne die raamwerk van vooronderstellings wat deur 'n groep wetenskaplikes as gesaghebbend aanvaar word, en "extraordinary science", as die revolusionêre verandering van 'n denkparadigma wanneer 'n bestaande paradigma nie meer wetenskaplikes se probleme bevredigend oplos nie.¹¹⁾ Hoewel die moderne wetenskapsteoretiese gesprek nog nie 'n bevredigende antwoord op die probleem van die relativiteit van wetenskaplike kennis of waarheid kon bied nie, behoort alle wetenskaplike dissiplines egter kennis van die herformulering van belangrike begrippe soos objektiwiteit en rasionaliteit te neem.

3. 'n Oorsig van die Ou-Testamentiese Inleidingswetenskap

3.1 Agtiende eeu

Johann Gottfried Eichhorn (1752–1827) studeer vanaf 1770 in die Teologie en in die Semitiese en Klassieke tale aan Göttingen Universiteit. Een van sy leermeesters, J D Michaelis, het bekendheid verwerf met sy *Einleitung in die göttlichen Schriften des Bundes* (1750). Michaelis se metodologiese aanpak in sy Inleiding tot die Nuwe Testament het sonder twyfel 'n invloed uitgeoefen op Eichhorn se latere Ou-Testamentiese inleiding. Eichhorn bestempel Michaelis as die vader van Ou-Testamentiese kritiek in Duitsland en beskou sy Inleiding as 'n "reperitorium" van kritiese geleerdheid.¹²⁾

Hoewel Eichhorn omvangryke werke oor die Franse Rewolusie en Europese kultuur- en literatuurgeskiedenis gepubliseer het, staan hy vandag hoofsaaklik bekend as die skrywer van die *Einleitung in das Alte Testament* wat in drie dele gedurende 1780–1783 uitgegee is. Die Ou Testament is vir hom 'n "Sammlung von Schriften aus dem fernen Asien und aus dem grauen Alterthum", oftewel 'n "Rest der hebraïschen Na-

tionalbibliothek" wat aan 'n historiese ondersoek onderwerp moet word.¹³⁾ In die tweede uitgawe van sy *Inleiding* maak Eichhorn uitdruklik daarvan melding dat hy van "der höheren Kritik" gebruik maak in sy literêr-historiese ondersoek van die Ou Testament.¹⁴⁾

Eichhorn se "Einleitung" behandel drie aspekte van die Ou Testament wat vir die daaropvolgende twee eeue sentraal in die Inleidingswetenskap gestaan het:

- (a) die geskiedenis van die Ou-Testamentiese *teks*;
- (b) die geskiedenis van die *kanon* van die Ou Testament;
- (c) die ontstaan van die afsonderlike *boeke* van die Ou Testament.

Hiermee tref Eichhorn 'n onderskeid tussen *algemene Inleiding* (teks- en kanongeskiedenis) en *besondere Inleiding* (ontstaan van afsonderlike boeke), wat tot in die twintigste eeu gehandhaaf word.

H-J Kraus beskryf Eichhorn as "der grosse Enzyklopädist der alttestamentlichen Wissenschaft" wat veral deur Semler en Herder beïnvloed was. Semler se invloed word bespeur in Eichhorn se klem op die Ou-Testamentiese teks se gebondenheid aan tyd en plek, wat tiperend was van die destydse rasionalisties-historiese ondersoek. Herder se invloed staan in die teken van die Romantiek en word deur Eichhorn se esteties-intuïtiewe interpretasie van Ou-Testamentiese poësie weerspieël.¹⁵⁾

Hoewel Eichhorn in 'n groot mate aansluiting by sy voorgangers (Rasionalisme) en tydgenote (Romantiek) gevind het, het sy helder geformuleerde en sistematiese "Einleitung" ongetwyfeld die grondslag vir die moderne Ou-Testamentiese Inleidingswetenskap gelê. (Dit is interessant om daarop te let dat die grondlegger van die Ou-Testamentiese Teologie, J P Gabler, 'n leerling van Eichhorn was.)

3.2 Negentiende eeu

W M L de Wette (1780—1849), 'n leerling van Herder en Gabler, sit die histories-kritiese benadering voort met sy *Beiträge zur Einleitung in das Alte Testament* (1806—07) en toon veral aan hoe die godsdiens, soos beskryf in die Ou Testament, 'n naspeurbare ontwikkelingsgang vertoon. 'n Begrip vir hierdie ontwikkelingsgang van die godsdiens maak 'n meer noukeurige datering van Ou-Testamentiese boeke moontlik. Sodoende word die literêre analise van teksgedeeltes deur die godsdiensgeskiedenis nader gekwalifiseer.¹⁶⁾

Smend onderskei drie tydperke in De Wette se akademiese loopbaan: aanvanklik 'n rasionalistiese periode onder invloed van Gabler en Paulus; toe 'n meer gematigde tydperk tydens sy verblyf in Heidelberg en Berlyn toe J F Fries en Schleiermacher sy kritiese benadering getemper het en ten slotte 'n meer konserwatiewe en kerklik-konformerende tydperk in Basel.¹⁷⁾ Dit was veral aan J F Fries se invloed te danke dat De Wette geloof as 'n soort kennis, wat op rede berus, beskou het. Die rede was vir hom 'n tipe innerlike openbaring wat met die uitwendige openbaring in die geskiedenis ooreenstem. Daarom kon hy sowel rasionalisme en supernaturalisme afwys omdat sy siening van waarheid en godsdiens in die teken van Fries se post-Kantiaanse filosofie gestaan het.¹⁸⁾ Die waarheid is vir De Wette die "grosse Gesetz der Geschichte" en die liefde vir die waarheid is die belangrikste plig van die geskiedkundige.¹⁹⁾

De Wette beskou die inhoud van die Inleiding as die antwoord op die vraag: "was ist die Bibel, und wie ist sie geworden, wie sie ist?" Die "wetenskaplike karakter" van die Inleiding is volgens hom histories-krities omdat die objek van studie, die geskiedenis van die Bybel, histories is.²⁰⁾

Gedurende die negentiende eeu vind daar 'n reaksie teen die kritiese benadering tot die Ou Testament plaas. E W Hengstenberg, H A C Havernick en C F Keil protesteer teen die "kritiese vrysinnigheid" wat afbreuk aan die integriteit en betroubaarheid van die Ou Testament sou doen. Hierdie reaksie vind noue aansluiting met die Ortodoksie en die histories-grammatiese benadering tot die Ou Testament in die agtiende eeu. Hengstenberg (1802—1869) skryf uitdruklik in die voorwoord van sy Inleiding dat hy De Wette se bydrae op dié gebied wil teenwerk omdat dit onder die invloed van die rasionalisme staan. 'n Kenmerk van Hengstenberg se Inleiding is die klem op die Christologiese uitleg van Messiaanse tekste.²¹⁾ Dit is duidelik dat Hengstenberg en sy geesgenote heftig teen die rasionalisme en Hegel gekant was en veel beter aansluiting by Aristoteles se metafisika en logika gevind het.²²⁾ (Ten spyte van beperkte invloed in Europa, het dié reaksie positiewe aanklank in Engeland en die VSA gevind.)

Die kritiese studie van die Ou Testament in die negentiende-eeuse Duitsland het 'n noue verband met die Duitse historiografie gehandhaaf. Volgens Leopold von Ranke (1795—1886) bestaan die historiografie se grondslag uit die "kritiese metode" (ontleding van bronne) en 'n teoreties-filosofiese beskouing van die wese van geskiedenis (Historisme). Aangesien die meeste van die Inleidings wat in dié tydperk verskyn het deur die Historisme beïnvloed was, moet daar by twee sleutelbegrippe, die individualiteits- en ontwikkelingsbegrippe, stilgestaan word. Volgens Ranke is "historiese fenomene, tydperke en per-

soonlikhede, individueel en besonder van aard, dus uniek en onherhaalbaar en moet met die waardemaatstawwe van hulle eie tyd gemeet word. Die ontwikkelingsbegrip impliseer dat verandering tot die wese van die individuele behoort en dat daar kontinuïteit ... in die verandering bestaan".²³⁾ Graf Reventlow merk tereg op dat "das Prinzip einer historischen Periodisierung und damit im Keim den ... Entwicklungsgedanken" van bepalende belang vir die negentiende-eeuse studie van die Ou Testament was.²⁴⁾ Die wetenskapsbeeld van Ranke se studie van die geskiedenis het 'n hoë premie geplaas op die metodiese, kritiese en sistematiese aard daarvan en het intersubjektiviteit moontlik gemaak deur middel van verwysingsisteme, kritiese apparaat en bronnelyste. Dit is veelseggend dat dit alles in diens gestaan het van die "eksterne toetsing vir die waarheid".²⁵⁾

G W F Hegel (1770—1831) se filosofie aangaande die "Absolute Gees" vorm die hoogtepunt van die Duitse Idealisme. Hy beskou die wetenskap as die "begreifende Erkenntnis des absoluten Geistes" en die godsdiens as "Beziehung des Geistes auf dem absoluten Geist". Die geskiedenis weerspieël die voortgaande ontwikkeling van die Gees volgens sy bekende tese-antitese-sintese skema. In die geskiedenis van die godsdiens, as proses van die selfbewuswording van die absolute Gees, vorm die natuurgodsdiens die tese, die "Religion der geistigen Individualität" die antitese (waaraan die Israelitiese godsdiens deel het) met die absolute godsdiens (die Christendom) as sintese.²⁶⁾ Hegel beïnvloed regstreeks die studie van die Ou Testament deur middel van sy leerling W Vatke (1806—1882) wat die historiese kritiek met 'n "Totalanschauung" verbind ten einde 'n godsdiensgeskiedenis van Israel saam te stel — vergelyk sy *Die biblische Theologie, wissenschaftlich dargestellt. Die Religion des Alten Testaments nach den kanonischen Büchern entwickelt* (1835).

H Hupfeld (1796—1866) verwerp in sy *Ueber Begriff und Methode der sogenannten biblischen Einleitung* (1844) die begrip "Inleiding" omdat dit te vaag is en "an sich selbst schieß". "Inleiding" is vir hom bloot 'n versamelnaam van "biblischen Wissenschaften" soos filologie, argeologie, teologie en literatuurgeskiedenis wat as hulpwetenskappe vir die eksegetiese optree. Hy verkies die omskrywing "Geschichte der heiligen Schriften Alten und Neuen Testaments, oder biblischen Literatur", omdat die begrip "geskiedenis" nodig is om 'n wetenskaplike grondslag en samehang te verskaf. Hupfeld maak kopsie teen die dogmaties-apologetiese trant van sommige Inleidings (veral van meer konserwatiewe kant) en aanvaar self 'n "erzählende, geschichtlich entwickelnde" styl wat die Bybelse geskifte as historiese verskynsels verstaan en die verhaal van hulle ontwikkeling vertel.²⁷⁾ Sy fokus op sowel

die vasstelling van hoe die Ou-Testamentiese boeke oorspronklik gelyk het, as hoe die boeke tot hulle finale gestalte ontwikkel het, gee blyke van beïnvloeding deur die idealistiese geskiedsfilosofie.

Waar die klassieke wetenskapsteorie 'n kumulatiewe vermeerdering van wetenskaplike kennis impliseer, maak Hegel se dialektiek 'n transformatoriese ontwikkeling van kennis moontlik. Wetenskaplike gevolgtrekkings hoef nou nie meer net met behulp van deduksie of induksie te geskied nie, maar kan aan die hand van 'n hipoteties-deduktiewe metode plaasvind.²⁸⁾ Hierdie tendens word duidelik deur die verskillende bronnehipoteses wat in dié tydperk na vore tree, geïllustreer.

A Kuenen (1828–1891) lewer 'n belangrike bydrae tot die metodologie van die historiese kritiek in sy *Historisch-critisch onderzoek naar het ontstaan en de verzameling van de boeken des Ouden Verbonds* (1861). Die Inleiding is "... eene hulpwetenschap der exegese en gaat daaraan logisch vooraf ... Hare metode is analytisch ... en beantwoordt eerst ten aanzien van elk boek, daarna ten opzichte van het geheel de vraag: hoe is het geworden wat het tans is?" Daarenteen is die "Geschiedenis van die Israelitiese literatuur" 'n vrug van die eksegeese van die "Ou Verbond". "Hare metode is ... synthetisch ... uitgaande van den oudsten ons bekenden toestand van het Isr. volk". So skets hy die wording van elke Bybelboek en die vorming van die kanon as geheel. Hy verkies die analitiese benadering omdat dit telkens deur die sintetiese literatuurgeskiedenis veronderstel word.²⁹⁾ Volgens Kuenen moet die historiese kritiek beantwoord aan die eise van algemeenheid, verstaanbaarheid en kontroleerbaarheid.³⁰⁾

Hierdie klem op die omskrywing van die histories-kritiese metode het ontstaan na aanleiding van kritiek vanaf die kant van die kerke en as gevolg van die opkoms van die positivisme. "Onder die invloed van Comte se sosiologie wat die mens en sy samelewing as natuurverskynsel benader en die natuurwetenskaplike metode ook op die studie van die historiese wêreld van toepassing maak, is eksakte, objektiewe en bruikbare kennis geëis wat soos die fisika, die mens kan help om "vooruit te sien". Dit kan gebeur deur 'positiewe', sinlike, meetbare en waarneembare kennis eksak te beskryf, te orden, te definieer, te klassifiseer, en die empiries konstateerbare in sy ruimtelik-tydelike afhanklikhede en betrekkinge volgens algemene reëls en wette begryplik te maak."³¹⁾

Die laaste helfte van die negentiende eeu word gekenmerk deur 'n toenemende beklemtoning van die literêre analise van die Ou Testament en bereik 'n hoogtepunt met J Wellhausen se *Prolegomena zur Geschichte Israels* (1878). Wellhausen se groot bydrae lê in die wyse waarop hy die resultate van die literêre analise saamgevoeg het ten einde 'n samehangende geskiedenis van Israel se godsdienstige instellings soos

die priesterskap, die tempel en die offer te vorm.³²⁾ L Perlitt het aange-
toon dat die ewolusionêre tendens in Wellhausen se rekonstruksie van
Israel se geskiedenis nie bloot as verklapte Hegelianisme verstaan moet
word nie.³³⁾ "Zweifellos stellt Wellhausen die Entwicklung innerhalb des
Alten Testament auf der Basis der Quellenforschung dar. Formal und
rudimentär schlagen ... Ideen Hegels ein. Aber im Endeffekt weicht
Wellhausen ganz und gar von Hegel ab. Die Entwicklung endet in Erstar-
rung und nicht etwa in einer Entfaltung des absoluten Geistes."³⁴⁾ Waar-
skynlik het die Romantiek, veral Herder, ook 'n belangrike bydrae tot
Wellhausen se verstaan van die geskiedenis gelewer.

Op die gebied van die Inleidingswetenskap is dit minder bekend dat
Wellhausen F Bleek se vierde uitgawe van sy "Einleitung" (1878) hersien
en van 'n nuwe voorwoord voorsien het. Hy neem kennis van die po-
gings om "Inleidingswetenskap" met "literatuurgeskiedenis" te ver-
vang, maar beskou dit as onwenslik omdat daar nog geen sprake van
konsensus oor die literatuurgeskiedenis van die Ou Testament is nie. R
Simon is vir hom die grondlegger van die moderne "Einleitung", De
Wette se bydrae is "epochemachend" en Kuenen se Inleiding is die
belangrikste na dié van De Wette.³⁵⁾ Dit is interessant dat Wellhausen die
invloed van filosofie op die studie van die Ou Testament geringskat: "Die
Einwirkung der neu aufblühenden Philosophie ... auf unsere Disciplin ist
im Ganzen wenig erkennbar."³⁶⁾ Tog erken hy dat De Wette en Vatke
deur Schleiermacher en Hegel beïnvloed was en dat Herder, Goethe en
die Franse taalwetenskap ook 'n onuitwisbare indruk gemaak het. Hy
sluit met 'n versugting wat iets van sy wetenskapsbeskouing laat blyk:
"etwas mehr Philologie, etwas mehr Wissen und etwas mehr
Nichtwissen, gehören nicht zu den unmöglichen Wünschen".³³⁾

S R Driver se "Introduction" (1891) het die kritiese benadering tot
die studie van die Ou Testament in die Engelstalige wêreld op 'n stewige
fondament geplaas. Hoewel hy 'n induktiewe benadering aanvaar, laat
die beperkte ruimte van 'n Inleiding hom nie toe om die metode tot sy
volle konsekwensies toe te pas nie. Tog erken hy die "kumulatiewe"
aard van sy beredenering van probleemgevalle en hy gee verder toe dat
sy gevolgtrekkings verskillende "grade van waarskynlikheid" het.³⁸⁾ Dit
is veelseggend dat Driver gereeld die term "data" gebruik en dit herinner
aan Locke se empirisme waarvolgens kennis vir die mens deur middel
van sintuiglike ervaring ontsluit word. Daarom kom Rogerson tot die
gevolgtrekking dat Driver nog steeds die siening huldig dat "the purpose
of the Bible is to convey information about the external world ... Chris-
tianity is a revelation, approved by reason (which in this case strips off
the unacceptable scientific or other form of expression) accepted by
faith ...".³⁹⁾

In teenstelling met die Empirisme wat steeds in die Engelse teologie van die negentiende eeu 'n rol gespeel het, staan die Duitse Romantiek en Idealisme. Wetenskaplike ondersoek het in Duitsland nie die soeke na kennis en waarheid tot sinuïglike ervaring beperk nie. Daar word meer aandag geskenk aan die rol wat die rede en gees of ingesteldheid van die wetenskaplike speel. Die invloed van Leibniz, Wolf, Kant, Hegel, Fries en Schleiermacher is gedurende die verloop van die negentiende eeu versterk deur die Piëtisme se klem op die persoonlike ervaring.⁴⁰⁾

3.3 Twintigste eeu

Aan die begin van hierdie eeu ontstaan daar 'n reaksie teen die eensydige beklemtoning van die literêre analise van die Ou Testament, met H Gunkel en H Gressmann aan die voorspunt. Gunkel se *Ziele und Methoden der Erklärung des Alten Testaments* (1904) en *Die Grundprobleme der israelitischen Literaturgeschichte* (1906) baan die weg tot 'n meer sinteties gerigte studie van die Ou Testament. Herder se invloed vanuit die Romantiek word weerspieël in Gunkel se sensitiwiteit vir die psigologies-estetiese inleef in die teks van die Ou Testament. Sy toespitsing op begrip vir die skrywer en sy werk gee aanleiding tot sy beklemtoning dat die Ou Testament kenmerkende literatuurvorme of "Gattungen" vertoon wat gewoonlik binne 'n ooreenstemmende "Sitz im Leben" of lewenskonteks gebruik word. Baumgartner het later aange- toon dat Gunkel die navorsing van literatuursoorte vanuit die Ger- manistiek en die klassieke Filologie oorgeneem het.⁴¹⁾

Waar die Inleidingswetenskap voor Gunkel deur die analitiese "Literarkritik" bepaal was, laat Gunkel die klem op die geskiedenis van "Gattungen" val, wat op hulle beurt elkeen 'n eie "Sitz im Leben" het; sodoende word 'n meer sintetiese karakter ontwikkel. Hiermee word die "kleinen Einheiten" die vertrekpunt van die literêre ontwikkeling en maak die aandag op die literêre vorm die pad oop vir die studie van formele tradisies.⁴²⁾ Sedert Gunkel het dit algemene gebruik geword om aandag aan vorm en tradisie in die Inleiding tot die Ou Testament te skenk.

Die siening dat literatuur vanuit die standpunt en die konteks van die skrywer verstaan moet word, is gestimuleer deur 'n reaksie op die eensydigheid van die Positivisme. Wilhelm Dilthey (1833—1911) het die begrip "Verstehen" gebruik om tussen die natuur- en geestesweten- skappe te onderskei. Volgens die kousale benadering van die natuur- wetenskappe was dit moontlik om te "verklar", terwyl die geestes- wetenskappe kon "verstaan" indien dit die objek van studie inter- preterend benader. Sodanige "interpreterende verstaan" is moontlik wanneer die wetenskaplike hom in die posisie van die objek van studie

plaas.⁴³⁾ Max Weber (1864–1920) konsentreer op die verklaring van sosiale gebeure en beweer, ook in reaksie teen die Positivisme, dat 'n navorser altyd 'n sosiale of kultuursituasie vanuit die standpunt van sy eie kultuur beskryf. Daarom is "objektiewe" waarneming van sosiale gebeure nie moontlik nie omdat die wetenskaplike selekteer wat vir hom betekenis het. Tog aanvaar Weber dat die "interpreterende verstaan" met behulp van empiriese toetse geverifieer kan word en probeer so om Dilthey se kloof tussen "verstaan" en "verklaar" te oorbrug.⁴⁴⁾

Die Ou-Testamentiese Inleidingswetenskap van die twintigste eeu staan nog steeds in die teken van Gunkel se sintese wat die literêre analise van Ou-Testamentiese tekste met 'n literatuurgeskiedenis van die Ou Testament in verband bring.

Otto Eissfeldt se *Einleitung in das Alte Testament* (1934) was die eerste omvattende Inleiding wat probeer het om reg aan Gunkel se sintese te laat geskied. Naas die gebruikelike analise van die Ou-Testamentiese boeke en die geskiedenis van die teks en die kanon van die Ou Testament, voeg hy 'n afdeling by waarin die literêre vorme en mondelinge oorlewering bespreek word. Volgens Eissfeldt moet die Inleidingswetenskap besig wees met die geskiedenis van die Ou Testament, vanaf die vroegste mondelinge oorlewering tot die finale gestalte van die teks. Smend beskou Eissfeldt se werk as die klassieke Inleiding van die twintigste eeu omdat dit vorm- en Gattungondersoek met "Literarkritik" kombineer.⁴⁵⁾ Hierdie benadering stem ooreen met die groot aantal Inleidings wat gedurende die afgelope 50 jaar gepubliseer is en wat erns met die resultate van die historiese kritiek maak — vergelyk die werke van Oesterley en T H Robinson, Weiser, Pfeiffer, Vriezen, Rowley, Kuhl en Rost.

Daar is ook 'n groep navorsers wat om verskillende redes nie direkte aansluiting by die historiese kritiek in hulle Inleidings kon vind nie. I Engnell aanvaar in sy *Gamla Testamentet: en traditionshistoriek inledning* (1945) dat die skriftelike tradisie van die Ou Testament eers tydens en na die ballingskap na vore getree het en dat mondelinge oorlewering van deurslaggewende belang voor die ballingskap was. Daarmee word 'n mosie van wantroue in die betroubaarheid van die historiese kritiek se literêre analise van die Ou Testament geplaas. Aan die ander kant vertoon E J Young (*An Introduction to the Old Testament*, 1949) en G C Aalders (*Oud-Testamentiese Kanoniek*, 1952) se verwerping van histories-kritiese resultate ooreenkomste met die Ortodoksie. Hulle benadruk dat enige Inleiding erns met die betroubaarheid en Goddelike inspirasie van die Ou Testament moet maak. R K Harrison (*Introduction to the Old Testament*, 1969) onderskei hom van laasgenoemde groep in soverre hy homself dikwels op die argeologie

beroep om sy standpunt te motiveer.

Gedurende die afgelope twee dekades het 'n heftige bespreking oor eksegetiese metodes ontbrand en daarom probeer G Fohrer om in sy *Einleitung* (1969) die uiteenlopende metodes en tendense te koördineer en te integreer. K H Bernhardt toon aan hoe die Inleidingswetenskap in die afgelope paar dekades toenemend van oortuiging geraak het dat die ontwikkeling van die Ou Testament ten beste met 'n kombinasie van teks-, literêr-, oorlewerings- en vormkritiese metodes ondersoek moet word. Die uitgangspunt en doel van Inleidingswetenskap word volgens Bernhardt bepaal deur "den Charakter der alttestamentlichen Einleitungswissenschaft und theologischen Auswertung der Textinhalte".⁴⁶⁾

R Smend beklemtoon in *Die Entstehung des Alten Testaments* (1978) dat die ontstaan van die Ou Testament die wesenlike objek van studie vir die Inleidingswetenskap uitmaak. Van verdere belang is die feit dat hy die finale gestalte van die teks as uitgangspunt neem en dit word analities ondersoek ten einde 'n moontlik vroeëre skriftelike tradisie of selfs mondelinge oorlewering te bepaal.

O Kaiser aanvaar in sy *Einleitung in das Alte Testament* (1978) dat die Inleiding potensieel alles kan behandel wat vir 'n beter begrip van die Ou Testament noodsaaklik is. Tog volg hy die gebruiklike samestelling en lê sy Inleiding klem op die redaksiesgeskiedenis van die boeke van die Ou Testament. Hy beskou die tradisie- en redaksiesgeskiedenis as 'n verdere voortsetting of ontwikkeling van die "Formgeschichte". Die Inleiding tot die Ou Testament is vir Kaiser 'n teologiese hulpwetenskap wat in die "kelderverdieping" van die Teologie funksioneer.

Die dominante rol van die "Formgeschichte", sowel as die daaruit voortvloeiende "Überlieferungs-, Traditions- en Redaktionsgeschichte" hou verband met die opkoms van die Eksistensialisme na die Eerste Wêreldoorlog se reaksie teen die heersende Historisme en Positivisme. "During this period form criticism came into use. Its findings supported the conviction that faith and history cannot be unravelled from one another."⁴⁷⁾ Schaeffler bevestig ook "eine sachliche Nfie" tussen die "Formgeschichte" en die "existenziale Reflection".⁴⁸⁾

Gedurende 1979 word B S Childs se omvangryke *Introduction to the Old Testament as Scripture* gepubliseer wat 'n wending in die Inleidingswetenskappe bring. Hy stel die belangrike vraag: "Is it possible to understand the Old Testament as canonical scripture and yet make full and consistent use of historical tools?"⁴⁹⁾ Hoewel Childs baie goed met die historiese kritiek vertrou is en ruimskoots van die resultate gebruik maak, stel hy tog sekere basiese vrae daaraan. Die derde vraag het direk op die Inleidingswetenskap betrekking⁵⁰⁾ Het die histories-kritiese In-

leiding nie daarin gefaal om die wisselwerking tussen die literatuur van die Ou Testament en die godsdienstige gemeenskap waarbinne dit gefunksioneer het, na behore te ondersoek nie? Ten spyte van onduidelikheid aangaande wat Childs presies onder "finale kanoniese gestalte" verstaan en hoe die Nuwe Testament die uitleg van die Ou Testament bepaal, kan daar aanvaar word dat Childs vroeë aangevoer het wat nog lank nie finaal besleg is nie. Die vroeë lewering bewys van Childs se aanvoeling dat teksresepsie tot 'n groot mate deur die huidige Inleidingswetenskap geïgnoreer word.

W H Schmidt skryf sy *Einführung in das Alte Testament* (1982) nie as 'n tradisionele Inleiding nie maar as 'n meer omvattende bekendstelling met die geskiedenis, literatuur en teologie van Israel. Hy vind slegs gedeeltelike aansluiting met J Meinhold se "Einführung" wat reeds in 1919 gepubliseer is en die klem meer op die geskiedenis van Israel plaas. Schmidt skets 'n donker prentjie van die huidige stand van Ou-Testamentiese navorsing in sy Voorwoord: "Es ist eigentlich nicht die Zeit der Lehrbücher — von der Forschung her geurteilt. Sie scheint sich in einer allgemeinen Umbruchssituation zu befinden." Von Rad se "kleinen Credo", Noth se "Amphiktyonie" en Alt se rekonstruksie van die geloof van die "Gott der Väter" word vandag in twyfel getrek. Verder bestaan daar nie meer eenstemmigheid oor die verband tussen Deuteronomium en Josia se hervorming, die vroeë datering van die Jahwis en die bronne van die Pentateug nie.

R Rendtorff publiseer in 1983 *Das Alte Testament. Eine Einführung*, waarin hy die wisselwerking tussen die historiese samehang en die ontwikkeling van die Israelitiese samelewing as voorveronderstelling vir die interpretasie van Ou-Testamentiese tekste laat geld. Naas die bespreking van die geskiedenis van Israel en die behandeling van die Ou-Testamentiese boeke, wend hy ook 'n poging aan om die "Lebensäußerungen Israels" te beskryf. Dit geskied in die lig van Gunkel se benadering om die Ou-Testamentiese literatuur as 'n "Teil des Volkslebens" te beskou en te verstaan. Elke leser van Rendtorff se "Einführung" moet steeds besef dat hy nie 'n algemene oorsig van die navorsing in verband met die Ou Testament wil gee nie maar op sy eie siening konsentreer.

4. Gevolgtrekking

Die Inleidingswetenskap het lank vasgesteek by Gunkel se sintese tussen literêre analise en vorm — of Gattungsgeskiedenis — en daarmee gekonsentreer op die vorming en oordrag van Ou-Testamentiese tekste tot en met kanoniserings. Aangesien wetenskapsteorie in die twintigste eeu be-

langrike perspektiewe op die kennende subjek en op verskillende rasionaliteitsmodelle geopen het, kan daar meer aandag geskenk word aan hoe die teks van die Ou Testament ontvang of gelees word — met ander woorde, aan teksresepsie.⁵¹⁾

Die ooglopende gebrek van die Inleidingswetenskap en historiese kritiek om met wetenskapsteoretiese ontwikkelings tred te hou, kan verbeter indien daar aan die volgende sake aandag geskenk word:

4.1 Die klem wat die “logiese empirisme” geplaas het op die ondubbel-sinnige gebruik van begrippe en die logiese vereistes vir bewysvoering.⁵²⁾

4.2 Die “kritiese rasionalisme” se bevinding dat elke wetenskaplike met voorveronderstelde teorieë wetenskap bedryf en dat die klassieke definisie of “standaardbeeld” van objektiewe kennis nie haalbaar is nie. Hieruit spruit ’n verdraagsaamheid en ’n bereidheid tot ’n “diskussie-wetenskap” wat wetenskaplike verskil van mening nie tot ’n wen-of-verloor situasie degradeer nie.⁵³⁾

4.3 Die “kritiese teorie” se oogmerk om die mens te bevry van ideologiese en tegnokratiese verslawing. Wetenskap staan hier in diens van die blootlegging van die uitbuiting en verknegting van die mens deur middel van onder andere die ideologiesekritiek.⁵⁴⁾ In hierdie verband moet daar ook gevra word na die werklikheidsbetrokkenheid en die probleem-oplossende vermoë van die studie van die Ou Testament.⁵⁵⁾

Die huidige vorm van ’n tipiese Inleiding tot die Ou Testament is primêr toe te skryf aan arbeidsekonomiese redes en nie as gevolg van ’n wetenskapsteoretiese beginsel nie.

Die voorstel word gemaak dat die Inleidingswetenskap enersyds meer aandag aan teksresepsie gee en andersyds ’n wetenskapsteoretiese oriëntering bied om die navorsers te konfronteer met alternatiewe moontlikhede om wetenskap te beoefen. Smend het in sy belangrike oorsigartikel met die retoriese vraag afgesluit: “Wo aber soll der Student sich wissenschaftlich über sie orientieren, wenn nicht in einer Einleitung in das Alte Testament?”⁵⁶⁾

So ’n wetenskapsteoretiese inleiding behoort ’n oriëntering te bied tot die spelreëls van verskillende rasionaliteitsmodelle en hoef nie in ’n “derm-uitrygproses” te verval nie. Dit gaan ook nie om die identifikasie van die “beter” teorie nie maar wel die bewuswording van alternatiewe teorieë en die deeglike ontginning van die teorie of model wat uiteindelik gekies word.

’n Inleidingswetenskap met wetenskapsteoretiese oriëntering

behoort te lei tot skerper selfkritiek, 'n beter insig in die denkraamwerke van gespreks- en vakgenote, 'n groter besef van die relasionaliteit of relatiwiteit van die eie rasionaliteit en 'n groter openheid tot vernuwing binne die studie van die Ou Testament.

NOTAS

1. Hierdie artikel word aan prof A H van Zyl opgedra, wat met sy eerste OT Inleiding in Afrikaans die pad vir jonger kollegas help oopmaak het. Die inhoud stem in breë trekke met 'n voordrag wat voor die OTWSA in 1984 gelewer is, ooreen.
2. S Wiedenhofer, "Wissenschaftstheorie der Theologie in Kontext transzendentaler Fragestellung", ThR vol 79 (1983), 443.
3. L Scheffczyk, *Die Theologie und die Wissenschaften*, Aschaffenburg 1979, 346 oordeel dat die historiese kritiek nie genoeg aandag aan wetenskapsteoretiese ontwikkelings geskenk het nie.
4. J W Rogerson, "Philosophy and the rise of Biblical Criticism: England and Germany", in *England and Germany. Studies in Theological Diplomacy* (S W Sykes (ed.)). Frankfurt 1982, 63–79 pleit vir 'n algemene inleiding tot die filosofie vir alle Bybelkundestudente.
5. *Handbuch wissenschaftstheoretischer Begriffe*. Band 3 (J Speck (red)), Göttingen 1980, 738–739.
6. A Diemer, *Studien zur Wissenschaftstheorie*. Band 4, Meisenheim 1970, 15.
7. H W Rossouw, *Wetenskap, Interpretasie, Wysheid*, Port Elizabeth 1981, 3.
8. A van Niekerk, "Rasionaliteit, wetenskap en geloof", *NGTT* vol 23 (1982), 152; K R Popper, *Conjectures and Refutations*, London 1963, *passim*.
9. N R Hanson, *Observation and Explanation: a Guide to the Philosophy of Science*, Cambridge 1962, *passim* se bekende uitspraak, "all data are theory-laden", is 'n kernagtige samevatting van dié beskouing.
10. P K Feyerabend, *Against method: Outline of an anarchistic theory of knowledge*, London 1975, *passim* se siening herinner aan die moderne wêreldbeeld van 'n uitdyende heeal as 'n al hoe groter wordende ruimte met onbepaalde moontlikhede.
11. T S Kuhn, *The structure of scientific revolutions*, Chicago 1970, *passim*. W van Huysteen, "Thomas S Kuhn en die vraag na die herkoms van ons teologiese denkm Modelle", *NGTT* vol 24 (1983), 296–311.
12. J G Eichhorn, *Aanmerkingen over de letterkundige verdiensten van Johan David Michaelis*, (H Mostert (vert)), Leiden 1791, 47–58.
13. H-J Zobel, "Eichhorn", *TRE* vol 9 (1982), 370.
14. J G Eichhorn, *Kritische Schriften. 1 Band. Einleitung in das Alte Testament* (2. Ausg), Leipzig 1787, vi–vii.
15. H-J Kraus, *Geschichte der historisch-kritischen Erforschung des Alten Testaments* (3. Aufl), Neukirchen 1982, 133–135.
16. H-J Zobel, "Einleitungswissenschaft I", *TRE* vol 9 (1982), 464.
17. R Smend, *Wilhelm Martin Leberecht de Wettes Arbeit am Alten und am Neuen Testament*, Basel 1958, *passim*.
18. J W Rogerson van Sheffield is tans besig met 'n uitgebreide monografie oor De Wette wat sy baanbrekerswerk meer na waarde sal skat.
19. W M L de Wette, *Beiträge zur Einleitung in das Alte Testament* (2. Band), Halle 1807, 1–3.
20. W M L de Wette, *Lehrbuch der historisch kritischen Einleitung in die Bibel Alten und Neuen Testaments* (2. Aufl), Berlyn 1822, 1–2.

21. E W Hengstenberg, *Beiträge zur Einleitung ins Alte Testament* (1 Band), Berlyn 1831, v–vii.
22. Hengstenberg het byvoorbeeld Aristoteles se "Metafisika" in 1824 vertaal.
23. F A van Jaarsveld, *Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie*, Pretoria 1980, 9.
24. H Graf Reventlow, *Hauptprobleme der alttestamentlichen Theologie im 20. Jahrhundert*, Darmstadt 1982, 4.
25. F A van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing*, Durban 1982, 8.
26. Kraus, *a.w.*, 1982, 191–192.
27. H Hupfeld, *Ueber Begriff und Methode der sogenannten biblischen Einleitung*, Marburg 1844, 8–15.
28. *Handbuch wissenschaftstheoretischer Begriffe*, 1980, 740–742.
29. A Kuenen, *Historisch-Kritisch Onderzoek naar het ontstaan en de verzameling van de Boeken des Ouden Verbonds*, Leiden 1861, iv–v.
30. Kraus, *a.w.*, 1982, 249–252.
31. Van Jaarsveld, *a.w.*, 1982, 71.
32. R E Clements, *A century of Old Testament study*, London 1976, 10.
33. L Perlitt, *Vatke und Wellhausen* (BZAW 94), Berlyn 1965.
34. Kraus, *a.w.*, 1982, 268.
35. F Bleek, *Einleitung in das Alte Testament*, 4 Aufl (bearbeitet von J Wellhausen), Berlyn 1878, 1–4.
36. Bleek, *a.w.* 1878, 655.
37. Bleek, *a.w.*, 1978, 656.
38. S R Driver, *An Introduction to the literature of the Old Testament* (9 ed), Edinburgh 1920, iii–v.
39. Rogerson, *a.w.* 1982, 73.
40. Rogerson, *a.w.*, 1982, 68–69.
41. W Baumgartner, "Eine alttestamentliche Forschungsgeschichte", *Th R NF* vol 25 (1954), 107.
42. W Baumgartner, "Alttestamentliche Einleitung und Literaturgeschichte", *ThR* vol 8 (1936), 189–192.
43. H A Hodges, *Wilhelm Dilthey*, London 1944.
44. M Weber, *The theory of social and economic organisation*, New York 1964.
45. R Smend, "Ein Halbes Jahrhundert alttestamentliche Einleitungswissenschaft", *ThR* vol 49 (1984), m 5–6.
46. K H Bernhardt, "Problematik und Probleme der alttestamentlichen Einleitungswissenschaft", *ThLZ* vol 48 (1973), 443–444.
47. E Krentz, *The Historical-Critical method*, Philadelphia 1977, 30–31.
48. R Schaeffler, *Glaubensreflexion und Wissenschaftslehre* (QD 82), Freiburg 1980, 134.
49. B S Childs, *Introduction to the Old Testament as Scripture*, London 1979, 45.
50. Childs, *a.w.*, 1979, 40–41.
51. B C Lategan, "Current issues in the hermeneutical debate", *Neotestamentica* vol 18 (1984), 13–14.
52. G Radnitzky, *Contemporary schools of metascience*, Göteborg 1970.
53. K R Popper, *The poverty of historicism*, London 1961.
54. J Habermas, *Technik und Wissenschaft als Ideologie*, Frankfurt 1978.
55. W van Huysteen, *Teologie as kritiese geloofsverantwoording*, Pretoria 1986, 169–205.
56. Smend, *a.w.*, 1984, 30.